OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

13/2025 **10 April 2025**

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte ouers, leerders en personeel

Welkom terug ná ’n kort maar welkome skoolvakansie. Die tweede kwartaal het sommer dadelik op ’n drafstap begin, en ons weet dit gaan ’n besige tyd wees vir almal.

Met al die openbare en skoolvakansiedae in hierdie kwartaal, het ons slegs sowat 22 akademiese onderrigdae oor voordat die Junie-eksamen begin. Dit is regtig belangrik dat elke leerder hierdie beperkte tyd optimaal benut. Ons vra dat leerders asseblief elke dag by die skool sal wees, behalwe as daar ’n geldige doktersbrief is. Geen onnodige uitteken sal toegelaat word nie.

Akademie bly vir ons ’n prioriteit, en ons waardeer dit as ouers saam met ons hande vat om seker te maak elke leerder hul beste gee in die aanloop tot die eksamen. Rapporte word hierdie Vrydag aan die leerders uitgedeel. Ons oueraand vind plaas op 16 April, en ons moedig ouers en leerders aan om dié geleentheid te gebruik om enige uitdagings of bekommernisse met vakke of akademiese vordering met onderwysers te bespreek. Die reëlings vir oueraand is uiteengesit in die nuusbrief. Let asseblief daarop dat sekere van ons onderwyspersoneel ongelukkig nie beskikbaar sal wees nie, aangesien hulle betrokke is by die NWU-reeks finaal wat dieselfde dag in Potchefstroom plaasvind. Afsprake met hierdie personeel kan gerus apart gereël word.

Ons is baie trots op die leerders wat tydens die afgelope vakansie aan sporttoere deelgeneem het. ’n Besonderse prestasie kom van Bonicia du Toit (Graad 12), wat aan die *South African Junior Chess Closed Championship* in Kaapstad deelgeneem het. Sy het 7de geëindig in die o.20 meisies-afdeling – ’n groot prestasie! Bonicia kom nou in aanmerking om moontlik aan die Statebond Spele in Glasgow, Skotland in 2026 deel te neem. ‘n Ongelooflike geleentheid!

Ons verwelkom amptelik twee nuwe personeellede in ons span:
- Me A van Emmenis - Departementshoof van Afrikaans, en
- Me A Smith, wat Wiskundige Geletterdheid aanbied.

Ons sien uit na ’n kwartaal van harde werk, goeie samewerking en groot sukses!

Me Susan Theron
Hoof

DIE BEHEERLIGGAAM VERTEL – TERUGBLIK OP KWARTAAL 1

Beste Oosie-ouers en voogde

‘n Jaar of wat gelede het ons as ’n splinternuwe Beheerliggaam deur die hekke van Oos- Moot gestap, ywerig en gereed om, elkeen op ons eie manier, ’n verskil te maak. Die taak voor ons was groot en met die intrapslag moes ons verhoudinge bou en die vertroue van ons mooi skool se familie wen en behou.

Ons kyk terug na ons eerste jaar en brei graag uit op ’n paar projekte waarop ons trots is. Ons eerste taak was om ’n nuwe skoolhoof aan te stel. ’n Skip sonder ’n kaptein het die gevaar om op die rotse te loop en ons was gelukkig om Mev. Susan Theron tydelik as toesighoudende hoof in April 2024 aan te stel. Die aanstelling is, soos u weet, aan die begin van dié kwartaal bekragtig. Tweedens, het ons kontraktuele ooreenkomste met diensverskaffers en ander belanghebbendes in plek gestel en bekragtig. Die ooreenkomste sluit onder meer in ons verhouding met die Oosie Bond en die verhuringsooreenkomste met dié nie-winsgewende organisasie (dit sluit in die nuwe klaskamers, die groot grassnyer en die kragopwekker). ’n Nuwe snoepie-kontrakteur is aangestel en die verhuringsooreenkoms met die eienaar is in plek gestel.

Ons het ‘n nuwe bankrekening wat vir ons beter opbrengste en voordele bied oopgemaak en dit vanaf November 2024 geaktiveer. Die skool is in ’n baie meer gunstige finansiële posisie as aan die begin van 2024 met minder, naelbyt maande. Dit is te danke aan streng maatreëls ten opsigte van die bestuur van die begroting en kontantvloei-vooruitskattings.

Akademie
Me Hanlie van Staden word as adjunkhoof aangestel en staan aan die stuur van akademie. Ons stel sewentien beheerliggaam onderwysers, asook vyf departementshoofde aan. Ons word vyf nuwe assistente ryker en stel ’n berader aan, alles in ooreenstemming met ons salarisbegroting. Die skool behaal weer ‘n 100% slaagsyfer en ons koop die Eduvelopment program tot voordeel van elke leerder in die skool aan.

Sport
Ons afrigters lewer ’n baie groot bydrae op alle sportgebiede. Dit is vir ons ongelooflik belangrik om alle sportsoorte die nodige ondersteuning te bied, met betrekking tot afrigting, borgskappe en terrein. ‘n Nuwe afrigter by hokkie is aangestel en ons is opgewonde om ons hokkiespanne te sien floreer. Met die dryfkrag van mnr Bart le Roux hou ons ‘n manne-aand saam met die Oosie Bond, wat vir ons ’n hupstoot in befondsing gee.

Kultuur
In Julie 2024, loods ons die #TrotseOosie inisiatief wat daarop gemik is om ons leerders trots op hul skool, hul skooldrag en hulself te maak en bou dus so op die Agt Oosie waardes wat die boustene van ons skool is. Ons herenig ons oud-Oosies by die skool en ruil stories uit van toeka se dae tot nou. Eendrag maak sowaar mag en leerders in hul skooldrag by ons sportgeleenthede maak ons trots.

Ons hou ’n ongelooflike Mnr en Mej Oos-Moot gala-aand op ’n splinternuwe verhoog. Die geleentheid bring vir ons rekordgetal borge in en maak die meeste wins in Mnr en Mej Oos-Moot se geskiedenis.

Bemarking
Die Bemarking van ons skool speel ’n integrale rol in die beeld van Oos-Moot. Eerstens moet ons die skool aan potensiele Oosies ‘verkoop’ en tweedens moet die skool, ons belangrike verhouding met ons breër Moot-gemeenskap en borge behou. Ons bekragtig in 2024 ons Bemarker se kontrak. U sien verskeie nuwe Oos-Moot aanwysers en kentekens rondom die skool en ons betrek tien nuwe borge by die skool wat aktief finansieël bydra. Ons sportkinders kry nuwe ontwerpe op hul sportdrag en ons ondersteunersdragkatalogus word geloods. Oos-Moot se sosiale media-platforms trek ook ’n nuwe baadjie aan. Eersdaags loods ons die Oosie-potgooi (*podcast)*, eerste in sy aard – ‘n verrassing is oppad! Ons boekie-projek wat fondse vir ons nuwe lugverkoeling in die saal insamel, vorder naastenby R70 000 in. Hou die spasie dop!

Geboue en Terrein
Ons skop 2025 sterk af met nuwe klaskamers, die vergroting van ons gasvryheidsklaskamers, ons rig ’n nuwe heining in Hertzogstraat op en herbou die skoolsaal se verhoog. Die Oosie Bond help met die oprigting van ’n nuwe pawiljoen by die rugbyvelde. Dit word gedoen ooreenkomstig hul skoolfondsbydrae vir die sportshuisseuns en beurs-begunstigdes (wat ons ongelooflik trots maak op die sportveld). Gras is by sportgronde geplant. Ons het mooi planne vir die saal en ander areas voor ons Opedag. Die hokkiehuis kry ook vensters met nog baie werk wat in die komende maande hier gaan gebeur.

Ons bedank u vir u voortdurende ondersteuning en vertroue en sien uit na die res van 2025. Ons moedig alle ouers en voogde aan om jul steun te bied by enige van die bogenoemde portefeuljes. Saam sal ons die Blou Golf laat rol en ons Trotse Oosie kreet oor die Moot laat weerklink. Skakel of epos ons gerus met enige vrae of insette.

Ons sien uit om van u te hoor.

Oosie-groete
Sas Erasmus (Voorsitter), Cobus Steenekamp (Ondervoorsitter), George Wolfaardt (Tesourier), Ivan Love en Matt Taljaard (Sport), Sanel Roux (Kultuur en Bemarking), Marius Adams (Bemarking) Roche Houman en Ruda Els (Geboue en terrein). Onderwyslede: Me Susan Theron, Hanlie van Staden, Marianne Haasbroek, Lee Bouwer, Braam Pretorius, Dean Stander en Francis Gratz (Sekretaresse).

BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Belangrike datums

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

BELANGRIKE DATUMS

• 11 April	:	Rapporte na leerders/NWU-reeks finaal (wintersport)
• 12 April	:	NWU-reeks finaal (wintersport)
• 16 April	:	Oueraand
	:	Graad 8 - Vak: Afrikaans (toets oor vakansiewerk)
• 17 April	:	Toetsreeks begin
• 18 April	:	Goeie Vrydag
• 21 April	:	Gesinsdag
• 27 April – 2 Mei	:	Publieke en skoolvakansiedae

Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde

Kontakbesonderhede is op die skool se webwerf beskikbaar.

LIEF EN LEED

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van Jean du Plooy (gr.8) se vader asook die van Chandré Williams (oud-Oosie 2017). Ons harte gaan uit na die families in hierdie moeilike tyd. Mag julle krag en troos vind in die herinneringe.

PERSONEEL

Ons verwelkom met opgewondenheid twee nuwe lede tot ons personeelspan. Mag julle tyd by ons skool gevul wees met groei, inspirasie en samewerking. Ons sien uit daarna om saam met julle te werk en weet dat julle 'n waardevolle bydrae tot ons skoolgemeenskap gaan maak.

VLNR: Me Annika van Emmenis (Departementshoof: Afrikaans) en
me Anandi Smith (Wiskundige Geletterdheid).

AKADEMIE

Rapporte

Die leerders ontvang op 11 April hul rapporte (meriete rapporte ingesluit).

Oueraand

Ons nooi ons ouers en leerders om van hierdie geleentheid gebruik te maak om enige uitdagings of bekommernisse met vakke of akademiese vordering met onderwysers te bespreek. Leerders moet asseblief die oueraand saam hul ouers bywoon en hul skrifte saambring.

Datum	:	16 April
Tyd	:	17:00 to 19:00
Plek	:	Klaskamers van die onderskeie vakpersoneel **(sien Aanhangsel A).**

Die volgende personeel sal as gevolg van die NWU-reeks se finaal in Potchefstroom ongelukkig nie beskikbaar wees nie. Aparte afsprake met hierdie personeel kan gereël word (kontakbesonderhede is op die skool se webwerf).

- Mnr A Stolp
- Mnr W Smit
- Mnr B Doman
- Me L Eksteen

Graad 8: Afrikaans (toets)

Die graad 8-leerders skryf 'n toets oor die vakansiewerk wat hul vir die vak Afrikaans gehad het.

Datum	:	16 April
Tyd	:	Toetsperiode
Tydsduur	:	1 uur
Punte	:	60

Toetsrooster – Kwartaal 2

'n Hardekopie van die toetsrooster vir Kwartaal 2 is aan die leerders uitgegee en is ook op die skool se webwerf beskikbaar. Die toetsreeks begin op 17 April.

Graad 10 Veldskool

Die graad 10-leerders gaan jaarliks op 'n Veldskool. Ons wil graag dat AL die graad 10-leerders die veldskool bywoon. 'n Skrywe in hierdie verband is reeds in Januarie in harde kopie aan leerders uitgegee. Die skrywe is by die volgende skakel (webwerf) beskikbaar.

Datum	:	27 tot 29 Augustus 2025
Plek	:	Kwaggasrus (30 km anderkant Brits).
Koste	:	R1100-00 per leerder (sluit in verblyf, vervoer, 6 etes, twee nagte se gebruik van veldskoolfasiliteite).

Vir finansiële reëlings en vrae stuur asseblief 'n e-pos na me A Jacobs (finansies@oos-moot.co.za). 'n Reëling moet met die finansiële kantoor getref word, sodat u oor die volgende maande die bedrag in paaiemente kan vereffen. Die volle bedrag moet asseblief teen 30 Junie inbetaal wees. Volledige inligting is in die skrywe vervat.

Graad 12 – Afrikaans (Produksie)

Die Afrikaans Departement is baie opgewonde om hierdie kwartaal aan die graad 12-leerlinge die geleentheid te bied om hul voorgeskrewe boek in lewende lywe te beleef in die vorm van 'n produksie. Hierdie produksie word deur André Stolz Produksies aangebied en beloof om van hoë gehalte te wees. Dit gee ook aan elke leerder 'n visuele uitbeelding van die gebeure in die boek en sal beslis tot 'n verdieping in die begrip van die roman lei.

Datum	:	14 April 2025
Tyd en plek	:	tydens skooltyd in die skoolsaal.
Koste	:	R110 per leerder betaalbaar teen 28 Maart 2025

'n Skrywe met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar.

GRAAD 11-BAL

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Hoërskool Oos-Moot hierdie jaar 'n nuwe tradisie gaan vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Doel van die bal

- Om fondse in te samel wat spesifiek aangewend sal word vir die huidige graad 11-leerders se Matriekafskeid in 2026.
- Om leerders voor te berei vir die Matriekafskeid deur hulle bekend te stel aan die formaat en etiket van 'n formele funksie.

Datum	:	26 Julie 2025
Plek	:	Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd	:	17:30 vir 18:00 tot 22:00
Kleredrag	:	Formeel (soos vir Valentynsbal)

'n Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

KLEREBANK (Tweedehandse klere)

Neem asseblief kennis dat die klerebank deur onderwyspersoneel (wat voltyds klas gee) beman word. Ons kan u dus nie gedurende skoolure behulpsaam wees nie.

Maak gerus 'n afspraak deur 'n e-pos te stuur na klerebank@oos-moot.co.za

SNOEPIE/KAFETERIA KAARTE (Ete-kaarte)

Alle leerders wat aangedui het dat hul snoepiekaarte wil bekom se kaarte is in die voogklasse uitgedeel. Ouers moet asseblief die nodige stappe voltooi (soos verduidelik in die skrywe wat saam met die kaart uitgedeel is) om die kaart te aktiveer.

Enige navrae oor snoepiekaarte kan direk met Jaco (bestuurder) by die snoepie gekommunikeer word.

SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

NWU-reeks finaal

Die finaal van hierdie reeks vind plaas op 11/12 April en die reëlings is soos volg:

Rugby

11 April	:	Deelnemende spanne vertrek om 08:15 (per bus) vanaf die skool.
12 April	:	Deelnemende spanne vertrek om 06:15 (per bus) vanaf die skool.

Program

Netbal

11 April	:	Alle spelers vertrek om 07:00 (per bus) na EG Jansen en keer terug na die prysuitdeling. Spelers wat na afloop van die verrigtinge saam hul ouers wil terugry, kan dit doen met die toestemming van hul afrigter.

Program

Hokkie

11 April	:	o.14 seuns en o.15B dogters Kom in wedstryddrag Vertrek om 07:00 (per bus) vanaf die skool Moet hulle tasse saambring. Wedstryde vind plaas by H/S Waterkloof en sodra wedstryde afgehandel is keer spelers terug na die skool en gaan verder skool (in hul wedstrydklere).
11 April	:	2de Dogterspan se bus vertrek om 15:00/15:30 vanaf die skool en sal teen 19:30/20:00 terug wees by die skool.
12 April	:	o.14 A, o.15A en o.16 A dogters, asook o,16 seuns. Die bus vertrek om 06:00 en behoort 13.00 terug te wees. Eerste spanne se vervoerreëlings word direk met die spanne en ouers getref.

Program

Landloop

14/15 April	:	Atlete vertrek om 10:00 (per bus) vanaf die skool na Potchefstroom.
15 April	:	Atlete keer terug en sal ongeveer 14:00 terug wees by die skool.
Items	:	4km kompetisie asook 1,6 km aflos

Skaak

14 April	:	Spelers vertrek om 06:00 (per bus) vanaf die skool.

Algemeen

Hokkie

Kontak

Die organiseerder kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie

Ouers hoef slegs by die betrokke ouergroep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe. Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye

Die oefenskedule vir die tweede kwartaal is op die webwerf beskikbaar. Daar word 'n standaard oefenskedule gevolg. Enige afwykings op die oefentye vir die spanne sal op die WhatsApp-groepe en op die webwerf gedeel word.

Provinsiale aanstelling

Die afrigter van die o.14A- en o.16 A dogterspanne, me Thandeka Mkolo, is aangestel as die Northerns Girls o.18B se spanbestuurder vir die Nasionale Toernooi wat in Junie by Hilton College plaasvind.

Wedstryde en programme

16 April:	Seuns Northernsliga vs Eldoraigne, tuis
23 April:	Seuns Northernsliga vs Midstream, tuis
25 April:	Dogters Northernsliga vs Sutherland, weg

Toeruitslae

Baie dankie aan al die spelers wat die toer meegemaak het. Die spanne het goed gevaar, baie geluk.

- o.16.seuns en o.16-kombinasie dogters wen hulle afdelings. (Trofees)
- o.14 Seuns en o.14 dogters, asook o.15 meisies eindig 2de in hulle afdelings
- Eerste span seuns en dogters eindig 3de in hulle afdelings.

Toekennings by die hokkietoernooi

Span	Speler	Toekenning
o.14 Meisies	Claire van Niekerk	Beste verdediger
o.14 Seuns	Landon Purcell	Beste voorspeler
o.14 Seuns	Lian van der Merwe	beste doelwagter
o.15 Meisies	Jolene Cronjé	beste midfielder
o.15 Meisies	Charné Raubenheimer	beste doelwagter
o.16 Meisies	Rochelle Fourie	beste verdediger
o.16 Seuns	Morné Stewart	beste voorspeler
o.16 Seuns	Josh Senekal	beste verdediger
o.16 Seuns	Jock Meiring	beste doelwagter
o.19 Seuns	Elmar Theron	beste voorspeler

Oosie Junior Hokkie

Inligting is op die webblad beskikbaar.

Rugby

Wedstryde

Datum : 10 April
Span : 3de span vs Zayo Academy
Plek : H/S Pretoria-Noord
Tyd : 16:00 tot 17:00

Bepalings

Noordvaalliga datumveranderings: Wedstryde van 24 April teen **HTS Middelburg skuif na 23 April**.

Blue Bulls Hoërskole Rugbyvereniging se Digitale Tydskrif

- Die amptelike 2025-uitgawe van die Blue Bulls Hoërskole Rugbyvereniging se Digitale Tydskrif is **UIT NOU**!!
- Hierdie publikasie is propvol eksklusiewe insigte, insluitend die Blue Bulls Hoërskole se wedstrydprogram, opwindende Paasrugbyfeeste, verskeie toernooie, belangrike skoolkontakte en die SA Rugby Jeugweke.

Kry jou GRATIS eksemplaar van hul 2025 rugbyseisoen-uitgawe hier.

Tafeltennis en Tennisliga

Die tafeltennis- en tennisliga skop weer af.
Bepalings is op die onderskeie webbladsye beskikbaar.

- Tafeltennis
- Tennis

OPEDAG – GRAAD 8'S 2026

Kom kyk wat Hoërskool Oos-Moot vir jou kind kan bied!

Ons sien uit daarna om alle belangstellende **graad 7-leerders** en hul ouers te verwelkom. Dis die ideale geleentheid om 'n kykie te kry in ons unieke skoolkultuur, vakkeuses, sport-, kultuuraktiwiteite en spesiale programme – alles wat Oos-Moot só 'n besondere plek maak.

Registreer NOU!

Aangesien daar beperkte plek per sessie beskikbaar is, moedig ons ouers aan om **so gou moontlik te registreer** om teleurstelling te voorkom. Laat jou kind se hoërskoolreis begin by ons omgeeskool waar ons potensiaal ontwikkel en saam 'n toekoms wil bou met ons kinders in die Moot. ***Kliek op die advertensie hieronder om te registreer.***

KULTUUR

Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

Feitevrate

Die Feitevrate nooi alle Oosies uit na ons "quiz night" vasvrakompetisie!

Datum	:	7 Mei 2025
Tyd	:	17:00
Plek	:	Personeelkamer
Koste	:	R50 vir 'n span van 4.
Inskrywings open	:	14 April in K97.

Daar is kontantpryse op die spel, so bring jou algemene kennis en kom geniet 'n heerlike aand saam met die Feitevrate span!

Koskasprojek

Die kosprojek hou 'n insameling vir ons minder bevoorregte Oosies en hul gesinne.

Die volgende nie-bederfbare items kan by die leerders se vooogonderwysers ingehandig word, vanaf 14 April tot 16 Mei.

Graad 8	Lekkernye, jellie, koekies
Graad 9	Pasta of rys
Graad 10	Soppe of souse
Graad 11	Koffie, tee of suiker
Graad 12	Enige blikkieskos

Die drie voogklasse wat die meeste nie-bederfbare produkte insamel, sal 'n verrassing ontvang na die insameling, so ook sal elke leerder wat 'n bydra gemaak het, positiewe punte ontvang.

By voorbaat wil die Kosprojek Komitee dankie sê vir alle bydraes.

Tienertoneel

Die Tienertoneel is tydens kwartaal 2 besig om hard te werk aan die kompetisies wat in Kwartaal 3 plaasvind. Ons is besig om die inskrywings te finaliseer en sal binnekort die finale datums en tye aan die betrokke leerders kommunikeer. Let asseblief dat oefeninge tydens die Junie-eksamen ook sal voortgaan.

Datum	**Plek**	**Tyd**
9 April	Skoolsaal	15:00 tot 17:00
14 April	Skoolsaal	14:00 tot 16:00
16 April	Oefening sal met leerders bevestig word (weens oueraand en sport)	
21 April	GESINSDAG	Geen oefening
23 April	Skoolsaal	15:00 tot 17:00
28 Aplril	OPENBARE VAKANSIEDAG	Geen oefening
30 April	SKOLE VAKANSIEDAG	Geen oefening

Trots Oosie

Die Trotse Oosie-veldtog het ten doel om die leerders aan te spoor om bepaalde waardes en kwaliteite na te jaag wat die res van hul lewens sal rig, naamlik DIE OOSIE AGT.

Die veldtog wil 'n groter persoonlike en gemeenskaplike trots by ons leerders aanwakker en 'n positiewe leerklimaat by ons skool bevorder. Hierdie maand se waarde is DEELNAME en word deur die kleur GEEL voorgestel. Dankie aan elke leerder wat op Kultuurvlak hierdie waarde uitleef!

FONDINSAMELINGSPROJEKTE

Afgehandelde en beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025		
Datum	**Projek**	**Ten bate van**
April	Koskas Kosinsameling	Kosprojek
20 Junie	Kaskar & Potjie	
25 Julie	Winterkonsert (Orkes)	Orkes
26 Julie	Gr11-bal	Matriekafskeid 2026

9 Augustus	Colour Run	
12-16 Augustus	Revue	Kultuur
18 September	Knipmes-aand	Sportsentrum
17 Oktober	Lentebal	Kultuur
7 November	Gys Pitzer Gholfdag	Sportfonds

Pasteie

Vanaf 14 April tot 2 Mei sal die bestellings vir die bevrore pasteie weer oop wees. Die fondse word aangewend vir die aankoop van lugversorgers vir die skoolsaal.

Dit word hierdie keer elektronies hanteer en 'n bewys van betaling moet asseblief u bestelvorm vergesel voordat u bestelling verwerk sal word. Pasteie sal in die daaropvolgende week uitgedeel word (dag en tyd sal bevestig word).

Die verskillende bevrore pasteie wat teen R220 per dosyn bestel kan word is die volgende:
* Sausage Roll
* Cornish
* Steak and Kidney
* Salami and Cheese
* Chicken Mayo
* Chicken
* Pepper Steak

Volg die volgende skakel om u bestellings te plaas:
Let wel: VULSELS KAN NIE GEMENG WORD NIE

Vir enige navrae, kontak gerus vir Me Bouwer by kultuur@oos-moot.co.za

BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

Skakels
Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.

GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

ATLETIEK: ASA KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan ons Oosie-atlete wat aan hierdie kampioenskappe deelgeneem het en mooi prestasies gelewer het.

Atleet	**Ouderdomsgroep**	**Item**	**Prestasie**
Roemay Korff	o.16	300mh	6de
Zach Putter	o.16	Diskus	17de
Iline Botha	o.18 4x100 span	200m Aflos	6de Brons
Leandro Delport	o.18 4x100 span	100m 200m Aflos	5de 4de Goud
Roan Joubert	o.18	Gewigstoot	11de
Monique Geldenhuys	o.20	Spiesgooi	6de
Sarel Boshoff	o.20	Verspring	2de

MNR EN MEJ OOS-MOOT 2025 - WENNERS

Ons wenners vir 2025 is tydens 'n gala-aand skouspel aangewys.
Mnr en Mej Oos-Moot – Luan Stoop en Anke Styger
1ste Prins en Prinses – Ryan Liebenberg en Kay-Dee Steyn
2de Prins en Prinses – Joshua Kok en Mia Krynauw
Mnr en Mej Deurlopend – Zack Engelbrecht en Mia Dingelstad
Mnr en Mej Fotogenies – Luhan Hay en Kay-Dee Steyn

Mnr en Mej Persoonlikheid – Luan Stoop en Mia Krynauw
Debutant – Iaan Roux
Meneer en Mejuffrou Oos-Moot 2026 se inskrywings open 1 September 2025. Verdere inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

BEMARKINGSKANTOOR

Met die OPEDAG op hande benodig die bemarkingskantoor skoenbokse. Ons sal enige skoenbokse wat nie gebruik word nie of net rondlê en spasie opneem waardeer. Stuur dit asseblief na die Bemarkingskantoor (me C Meyer).

KOMPETISIE

PicknPay Waverley het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

ONS BORGE – BAIE DANKIE

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.

Belangrike Kennisgewing: Borgskappe
Ouers en leerders word vriendelik versoek om eers 'n amptelike skrywe by die skool te verkry (by die onderskeie organiseerders van ons skoolaktiwiteite) voordat hulle 'n borg nader. Ons borge ontvang talle versoeke, en ons wil hierdie proses beter bestuur om hulle tegemoet te kom. Dankie vir julle samewerking.

ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).

AANHANGSEL A – OUERAAND ONDERWYSPERSONEEL EN LOKAALNOMMERS

GRAAD 8		
Vak	**Personeellid**	**Klasnr**
Afrikaans	C Ludick	K46
	S Visser	K65
Engels	J Boshoff	T10A
	B Doman	K66
	D Dreyer	T4
	B Gouws	T5
	Z Janse van Rensburg	T13
Wiskunde	J Geldenhuys	T2
	C Labuschagne	K48
	N Louw	G1
	M Pretorius	K72
	S van de Wetering	K15
	A du Plessis	T11
Sosiale Wetenskap (SW)	J Barnes	G2
	J Botha	T8
	M Botha	K99
Natuurwetenskap (NW)	L de Bruin	K61
	A Stolp	K81
	M Stolp	T6
	L van Dyk	T10C
Lewensoriëntering (LO)	J Boshoff	T10A
	J Botha	T8
	B le Roux	K103
Tegnologie	A Juta	K29B
	HJ van Aswegen	K44
	M du Plessis	K30
Ekonomiese Bestuurswetenskap (EBW)	M Heystek-Steyn	K77
	C Labuschagne	K48
	E Louwrens	T14
	N Muller	T3
Skeppende Kuns	H Botha	K39

GRAAD 9		
Vak	**Personeellid**	**Klasnr**
Afrikaans	Z de Klerk/C Hammond	K76
	Z Janse van Rensburg	T13
	W Kalp	K17
Engels	D Dreyer	T4
	B Gouws	T5
Wiskunde	L de Bruin	K61
	A du Plessis	T11
	L Eksteen	T9
	J Geldenhuys	T2
	M Koelman	K23
	C Labuschagne	K48
	N Louw	G1
	M Pretorius	K72
	H van Staden	Kantoor
	C Venter	K16
Sosiale Wetenskap (SW)	B Doman	K66
	M Jacobs	K71
	J Redelinghuys	K104
	W Smit	K74
Natuurwetenskap (NW)	M Koelman	K23
	C Potgieter	T7
	M Stolp	T6
	L van Dyk	T10B
Lewensoriëntering (LO)	M du Plessis	K30
	B le Roux	K103
	HJ van Aswegen	K44
	L Steyn	K102
Tegnologie	R Groenveld	K95
	A Juta	K29B
	R Steyn	T12
	N Viljoen	K101
Ekonomiese Bestuurswetenskap (EBW)	L Booysen	K20
	T Hemmens	K42
	N Muller	T3
	F Parker	Kantoor
Skeppende Kuns	H Botha	K39
	M du Plessis	K30

GRAAD 10			GRAAD 11		
Vak	**Personeellid**	**Klasnr**	**Vak**	**Personeellid**	**Klasnr**
Afrikaans	K Badenhorst	K67	**Afrikaans**	L Bezuidenhout	K68
	Z Janse van Rensburg	T13		M Grove	K49
	R Jonkers	T10C		R Jonkers	T10C
	A van Emmenis	K69		N Visser	K96
Engels	T Jordaan	K18		A van Emmenis	K69
	D Stander	K98	**Engels**	M du Preez	K100
	L van der Meulen	K19		M Gillies	K97
	L Steyn	K102		T Jordaan	K18
Wiskunde	C Botha	K47		L van der Meulen	K19
	D Snyman	K14	**Wiskunde**	C Botha	K47
	S van de Wetering	K15		C Venter	K16
Wiskundige Geletterdheid	A du Plessis	T11	**Wiskundige Geletterdheid**	A du Plessis	T11
	L Eksteen	T9		L Matthee	K73
	A Smith	K74		A Smith	T1
Besigheidstudies	M Heystek-Steyn	K77		S van Blerk	K45
	E Louwrens	T14	**Besigheidstudies**	M Edwards	K75
Ekonomie	N Muller	T3	**Ekonomie**	M Edwards	K75
Fisiese Wetenskap	M Koelman	K23	**Fisiese Wetenskap**	M Koelman	K23
	A Stolp	K81	**Gasvryheidstudie**	T Ferreira	K92
	S van de Wetering	K15		J Nel	K93
Gasvryheidstudie	T Ferreira	K92	**Geografie**	J Barnes	G2
Geografie	J Barnes	G2	**Inligtingstegnologie (IT)**	Mnr M du Preez	K29A
Inligtingstegnologie (IT)	Mnr M du Preez	K29A	**Ingenieursgrafika en –ontwerp (IGO)**	R Groenveld	K95
Ingenieursgrafika en –ontwerp (IGO)	R Groenveld	K95	**Lewenswetenskap**	C Potgieter	T7
	N Viljoen	K101	**Lewensoriëntering (LO)**	J Boshoff	T10A
Lewenswetenskap	L de Bruin	K61		B le Roux	K103
	C Potgieter	T7		N Muller	T3
	M Stolp	T6		J Redelinghuys	K104
Lewensoriëntering (LO)	J Boshoff	T10A		R Steyn	T12
	B le Roux	K103	**Rekeningkunde**	M Heystek-Steyn	K77
	N Muller	T3		F Parker	Kantoor
	J Redelinghuys	K104	**Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)**	S Bosman	K64
	R Steyn	T12		Mnr M du Preez	K29A
	HJ van Aswegen	K44		N Pfeil	K50
Ontwerp	H Botha	K39	**Toerisme**	M Botha	K99
Rekeningkunde	L Booysen	K20		M Jacobs	K71
Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)	Mnr M du Preez	K29A	**Verbruikerstudie**	J Nel	K93
	A Juta	K29B	**Visuele Kuns**	M Martins	K38

GRAAD 10 (vervolg)		
Vak	**Personeellid**	**Klasnr**
Toerisme	J Barnes	G2
	Z de Klerk/C Hammond	K76
	M Jacobs	K71
	W Smit	K74
Verbruikerstudie	T Ferreira	K92
Visuele Kuns	M Martins	K38

GRAAD 12		
Vak	**Personeellid**	**Klasnr**
Afrikaans	L Bezuidenhout	K68
	M Grove	K49
	N Visser	K96
Engels	M Gillies	K97
	D Stander	K98
	L Steyn	K102
	T Stolp	Kantoor
Wiskunde	S van de Wetering	K15
	C Venter	K16
	D Snyman	K14
Wiskundige Geletterdheid	L Matthee	K73
	S van Blerk	K45
	H van Staden	Kantoor
Besigheidstudies	T Hemmens	K42
Ekonomie	M Edwards	K75
Fisiese Wetenskap	A Stolp	K81
Gasvryheidstudie	A Barnard	K89
Geografie	J Barnes	G2
Inligtingstegnologie (IT)	Mnr M du Preez	K29A
Ingenieursgrafika en –ontwerp (IGO)	N Viljoen	K101
Lewenswetenskap	L de Bruin	K61
Lewensoriëntering (LO)	J Boshoff	T10A
	B le Roux	K103
	J Redelinghuys	K104
	R Steyn	T12
	HJ van Aswegen	K44
Rekeningkunde	L Booysen	K20
	M Heystek-Steyn	K77
Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)	S Bosman	K64
	N Pfeil	K50
Toerisme	M Botha	K99
	W Smit	K74
Verbruikerstudie	J Nel	K93
Visuele Kuns	M Martins	K38


TERREIN 2025
Kafeteria
LO-saal
Atletiekveld
T E ERPAD
HEK
HOOF HEK
HAARHOFF STRAAT
PERSONEELKAMER
KANTORE
KANTOOR
SKOOLSAAL
Astro
VIERKANT
64 S. Bosman
50 N. Pfeil
61 L. de Bruyn
65 S. Visser
66 B. Doman
67 K. Badenhorst
68 L. Bezuidenhout
69 A. van Emmenis
Seuns +Dogter Badkamers
49 M. Grove
48 C. Labuschagne
47 C. Botha
46 C. Ludick
45 S.van Blerk
Boonste vloer
Onderste vloer
102 L. Steyn
101 N. Viljoen
104 J.Redelinghuys
103 B.le Roux
14 D. Snyman
71 M. Jacobs
15 S.v.d Wetering
72 M. Pretorius
16 C. Venter
73 L. Matthee
17 W. Kalp
74 W. Smit
18 T. Jordaan
75 M. Edwards
19 L.v.d. Meulen
76 Z. de Klerk / C. Hammond
20 L. Booysen
77 M. Heystek
T10A J. Boshoff
T10B L. van Dyk
T10C R. Jonkers
T11 A. du Plessis
T12 R. Steyn
T13 Z. JvRensburg
T14 E. Lourens
T7 C. Potgieter
T8 J. Botha
T9 L. Eksteen
G1 N. Louw
G2 J Barnes
T1 A. Smith
T2 J. Geldenhuys
T3 N. Muller
T4 D. Dreyer
T5 B. Gouws
T6 M. Stolp
98 D. Stander
95 R. Groenveld
99 M. Botha
96 N. Visser
100 M. du Preez
97 M. Gillies
44 HJ v.Aswegen
42 T. Hemmens
Kombuis 94
40 Kombuis
93 J. Nel
J. Nel
39 H. Botha
92 T. Ferreira
89 A. Barnard
38 M.Martins
Kombuis 88
DOGTERS Badkamer
SEUNS Badkamer
30 M. du Plessis
29A M du Preez
29B A. Juta
23 M. Koelman
81 A. Stolp
Boonste vloer
Onderste vloer
Boonste vloer
Onderste vloer
Boonste vloer



https://wenwetenskap.co.za